

# KALIBREER

Die gemeentes van Openbaring



## Openbaring 2:12-17 Kalibreer IV: Pergamum



**Pergamum** (vandag Bergama) was in daardie tyd die administratiewe hoofstad van Klein Asië met geweldige groot politieke mag en invloed. Daar het heelwat behoue gebly van hierdie stad soos gesien kan word in die prentjie hierbo. Dit was nie so aktief as handelstad nie, maar was om ander redes baie belangrik en het bekend begin geraak toe Alex die Grote dit 'n militêre vesting gemaak het op grond van die stad se strategiese ligging. Dit het destyds bekend gestaan het as die Stad van die Swaard. Daar was ook 'n baie groot biblioteek in Pergamum. Naas die biblioteek in Alexandrië was dit die grootste in die wêreld: 200 000 boekrolle van perkament. Die woord perkament kom vanaf Pergamum.

Sommige noem Pergamum die godsdienssentrum van Klein Asië. Keiserverering was hoog op die agenda en die eerste tempel vir 'n keiser (Augustus) is hier in 29vC gebou. Daar

was ook allerhande tempels vir ander gode. Die vier grootste tempels was vir Zeus, Athene(godin van oorwinning), Dionisius(beskermgod) en Asklepius (die god van genesing met 'n slang as simbool - vandaar ook die simbool van die slang wat vandag nog op mediese wapens gebruik word). Dit is waarskynlik hoekom Johannes sê hierdie stad is die troon van Satan!

'n Mens sou hierdie stad die hoofstad van afgodery kon noem. En om te weier om aan (veral) keiseraanbidding deel te neem het jou skuldig gemaak aan burgerlike ongehoorsaamheid. Daarom is die Christene vervolgd en tereggestel (byvoorbeeld Antipas wat by die naam genoem word). Die Jode is darem nog erken deur die Romeine omdat hul 'n ryk geskiedenis gehad het, maar die Christene is gesien as bygelowig – hul is gespot en gehaat. En as hul nie 'n uitnodiging aanvaar het na 'n afgodsfees nie, is hul wreed vervolgd.

Alhoewel al die stede iets van die Romeinse lewensfilosofie weerspieël het, was dit hier die heel sterkste: politiek, godsdiens, genesing en geleerdheid het hier hande gevat en 'n sterk boodskap uitgedra: die Pax Romana (Romeinse lewenswyse) is die antwoord! Hulle het daarom natuurlik 'n afsku gehad in boodskap van verlossing wat Christene verkondig het.

**Kalibreer:** As ons die gemeente hier in Pergamum moet kalibreer, klink dit darem nie

asof hulle te sleg gevaar het nie. Hulle was onder geweldige druk, en word geprys vir hul toewyding en lojaliteit aan Christus. Maar daar was 'n paar probleme: die kritiek was dat hul nie krities *genoeg* was teenoor die maghebbers en invloeders in die stad nie. Ons moet die verwysing na Christus se Naam hier baie duidelik hoor: die stryd in hierdie gemeente het nie gegaan oor sondelysies nie, of oor my standpunt teenoor jou standpunt nie. Dit het gegaan onder **wie** se **naam** jy geleef het: Jesus of die Keiser (of ander gode). Wie is die Here van jou lewe? Soos iemand opmerk: In Openbaring gaan dit eintlik net oor een ding: *die eerste gebod*.

Ongelukkig het hierdie volhardende gemeente stadig maar seker **kompromieë** begin aangaan. Sommige het die leer van **Bileam** aangehang (Numeri 22-24) - Bileam was 'n loskop-profeet wat deur koning Balak van Edom gehuur is om hom raad gee oor hoe hy die Israeliete kon oorwin. Bileam se raad was uiteindelik dat Balak net van die Edomitiese vroue tot die Israeliete se beskikking moes stel. Die mans sou die versoeking moeilik kon weerstaan en mettertyd sou die twee volke dan vanself vermeng geraak het. En sodoende sou Israel haar unieke identiteit prysgee. Die filosofie van die **Nikolaïete** was weer dat jy moet ontspan; God sal dit verstaan en jou vergewe, want Hy ken jou hart! Dit is hoe 'n kompromis werk: klein dingetjies wat groot dinge word.

Johannes was bang dat die Christene in Pergamum 'n soortgelyke paadjie sou loop as hulle te gemaklik begin het om heidense feeste by te woon. Sy vrees was dat wat begin het as 'n goedbedoelde kompromis sou eindig dat hulle hul identiteit en geloof verloor. Pergamum was in die teenoorgestelde situasie as Efese – hulle het hul rug gedraai op hul eerste **liefde** terwyl Pergamum die **waarheid** afgewater het omdat hul te tegemoetkomend was. Jy kan jou pad verloor as jy net verval in vriendelikheid. Die stryd in Pergamum het nie net gegaan oor feeste en vleis nie, maar oor die waarheid van die evangelie en hul Christelike identiteit.

Nou hoe moet hulle(ons!) in die stad wees sonder om **van** die stad te wees? Ons moet tog nie onttrek nie? As getuies word ons gestuur om sout en lig te wees...so hoe lyk dit in die tye en plekke waar ons ons bevind? Dit is 'n baie

moeilike asook krities belangrike vraag wat geloofsgemeenskappe gedurig moet vra. Die geheim lê nie bloot in **wat** ons glo nie, maar in **Wie** ons glo. Die waarheid is 'n Persoon; om te leef en te gaan waar Jesus sou gaan.

### **Waarheid...en liefde.**

Hulle was seker nie so diep in die moeilikheid soos Efese en ander nie, maar stadig maar seker het hulle 'n Trojaanse perd verwelkom in hul midde. Bekering hier is nie so 'n algemene oproep om 180 grade om te draai nie; dit gaan baie spesifiek oor hoe hulle oor die **waarheid** dink. Hulle moes weer leer om die waarheid te **praat**, te **leef** en te **vertrou**. *"The Christian ideal has not been tried and found wanting; it has been found difficult and left untried."* GK Chesterton.

In 'n stad soos Pergamum waar hul omring was met soveel indrukwekkende tempels en idees oor die lewe, kon dit maklik gebeur dat hulle oor die "swak" evangelie begin wonder. As ons vertrou op Jesus as die waarheid, sal ons ook weet dat sy Woord ons kragtigste getuie is – dit is die (tweesnydende) swaard wat werklik saakmaak – nie die magtige swaard van die Romeinse Ryk nie. Christus hou hier nie die swaard in sy hand vas nie - dit kom uit sy mond! Jesus 'veg' met sy Woord deur na ons toe te kom... Ook hier staan liefde en waarheid nie teenoor mekaar nie. Coenie Burger: **Waarheid** is die pad wat voor ons lê en **liefde** is hoe ons op daardie pad stap." Waarheid gaan ook nie oor klomp geloofstellings of mooi etiese standpunte nie, maar oor Jesus – die Weg en die Waarheid wys hoe liefde lyk.

Die **beloftes** aan die einde van die brief is baie besonders: *Eerstens* sê die Here vir hulle dat Hy vir hulle van die verborge manna sal gee. Hy sal aanhou om vir hulle sorg soos Hy destyds in die woestyn vir Israel gesorg het. *Tweedens* hoor ons dat Jesus vir hulle 'n wit klippie sal gee. Die meeste uitleggers dink dat die wit klippie 'n soort toegangskaart was. En dit wou vir hulle sê: moenie uitgesluit voel as julle hier op aarde nie by enige plek/feesgeleentheid kan ingaan nie. Met dié wit klippie sal julle toegang kry by al die plekke wat regtig saak maak. *Derdens* moes nuwe naam hulle herinner aan die nuwe identiteit wat hulle in Christus ontvang het. Mag ons elke dag opnuut herinner word aan hierdie beloftes wat ook vir ons bedoel is!